
# Orionland Kleuterskool

## Wat bied ons u?

Ons beskik oor Graad 000, Graad 00 en Graad 0/R klasse (3-6 jaar) waar elke kleuter ‘n opvoedkundige dagprogram volg. Hierbenewens bied ons ‘n pragtige, kleutervriendelike omgewing teen bekostigbare fooie. Naskoolfasiliteite is ook beskikbaar vir die kleuterskool.



## ALGEMEEN

**Skoolreëls en Regulasies**

Die kleuterskool is onderworpe aan reëls en regulasies soos bepaal deur die Beheerliggaam van Laerskool Orion. Ons het ook ons eie kleuterskoolreëls en u as ouers se samewerking met die handhawing daarvan sal baie waardeer word. Dit is slegs tot voordeel van u kind.

**Skooltye**

- Kleuters arriveer van 06:45 - 07:20
- Hek word stiptelik 07:30 gesluit
- Kleuters gaan om 13:00 huis toe of gaan dan na die kleuterskool se Naskoolsentrum (teen ‘n ekstra fooi).
- Skoolkwartale is dieselfde as Departementele skole, m.a.w. die kleuterskool is skoolvakansies gesluit.
- Indien daar genoeg belangstelling is, word daar vakansies/gedeelte van ‘n vakansie, ‘n vakansieprogram aangebied teen ‘n addisionele fooi per dag. Hierdie diens is onafhanklik van die skool en is NIE ingesluit by die skoolfooie of naskoolfooie NIE.

**Toelatingsouderdom**

- Gr. 000: Die jaar waarin die kleuter 4 word (moet toilet selfstandig kan gebruik)
- Gr. 00: Die jaar waarin die kleuter 5 word
- Gr. 0/R: Die jaar waarin die kleuter 6 word

## Skryfbehoeftefooi


- U betaal 'n skryfbehoeftefooi wat **o.a.** aangewend word vir die aankoop van u kleuter se skryfbehoeftes. Sodoende word verseker dat die kleuters almal die korrekte en kwaliteit skryfbehoeftes gebruik.
- Hierdie fooi moet die inskrywingsvorm vergesel. Geen plek sal vir u kleuter gereserveer word indien die skryfbehoeftefooi nie betaal is nie.

Orionland Kleuterskool

## Kleredrag

Kleuters moet gemaklike klere dra wat vuil mag word. Alle kledingstukke moet duidelik gemerk wees. Voorsien asseblief 'n ekstra stel klere in u kleuter se tassie ingeval dit nodig sou word. Hou asseblief die seisoene in gedagte. In die somer kan die kleuters gerus sonder skoene skool toe kom.

Ons is baie trots op ons unieke Orionland klere wat by die kleuterskool te koop is.



- Lemmetjiegroen kortmou T-hempie (verpligtend) **R140**
- Lemmetjiegroen langmou T-hempie (verpligtend) **R150**
  *(Bg. pryse is onderhewig aan verandering)*

Bogenoemde kledingstukke is gedruk met die skool se naam en embleem op. Bestelvorms vir klere sal saam met die eerste omsendbrief aan u gestuur word. Die dra van die groen T-hemp is verpligtend op Vrydae en met instappies.

## Skooltassie/sak

Die kleuters moet ELKE dag 'n skooltas skool toe bring. Dit moet groot genoeg wees om 'n kosblikkie, waterbottel, ekstra stel klere, boodskapboekie en aktiwiteite vir die dag in huis toe te neem.

## Verversings & snoepiedag

- Kleuters eet ontbyt tuis.
- 'n Voedsame kospakkie in 'n **gemerkte** kosblik moet saamgestuur word vir pouse.
  <u>Geen lekkers of gaskoeldranke nie!</u>
- Kleuters wat die Naskoolsentrum bywoon, kry 'n ligte middagete om 13:00 en verversings om 15:00. Geen ekstra kos hoef vir naskool gestuur te word nie.
- Vrydae is "snoepiedag" vir die kleuters. Hulle mag ook op 'n Vrydag lekkers saambring. U kan u kleuter van 'n geldjie voorsien sodat hy/sy hul eie aankope kan doen. Kleingeld word in u kleuter se blikkie by die skool gehou.

## Verjaarsdae

Aangesien 'n kleuter se verjaarsdag vir hom/haar soveel beteken, wil ons graag dit vir hul baie spesiaal maak. Koek, lekkers ens. kan vir die maatjies skool toe gestuur word. Geen roomyskoeke nie asb. Partytjiereëlings kan met die klasonderwyseres getref word.

## Kommunikasie

Elke kleuter het 'n A5-boodskapboekie wat in die klas bly en slegs huis toe gestuur word as daar 'n briefie is. Haal asseblief die briefies vir kennisname uit en stuur die boodskapboekie die volgende dag terug skool toe.

Orionland Kleuterskool

## Sekuriteit

Toegangsbeheer word toegepas. Daar is verskeie kameras op strategiese plekke oor die hele skoolterrein versprei. Daar is noodplanne in plek vir die volgende gevare:
brand, bomdreigemente en aanvalle van buite die skool.

## Instappies

Verskeie instansies besoek die skool en bied opvoedkundige programme op die terrein aan. Hierdie fooie is reeds ingesluit by u kleuter se skoolgeld.

## Fondsinsamelings

Die kleuters skakel in by die groot fondsinsamelingsprojekte van Laerskool Orion bv. die pretloop, kaskarwedrenne, waterspele, oriefees ens.

## Assessering

Deurlopende assessering vind plaas om kleuters se vordering te monitor. Vorderingsverslae word aan die einde van elke kwartaal uitgegee. Enige probleme kan met u kleuter se klasonderwyseres bespreek word.

## Oueraande

Oueraande word vir u as ouers gereël. In die eerste kwartaal, die Dinsdagaand vóór die skool begin, word 'n inligtingsaand gehou. Dit is **verpligtend** dat u dit bywoon aangesien belangrike inligting deurgegee word. In die derde kwartaal word ouerafsprake gereël om u kleuter se vordering te bespreek.

## Terapeute

Die skool word deur privaat terapeute besoek - spraakterapeut, spelterapeut, arbeidsterapeut en 'n opvoedkundige sielkundige. Indien 'n probleem geïdentifiseer word, sal dit onder u aandag gebring word en sal u verwys word na die spesifieke terapeut. Terapie kan dan tydens skoolure ontvang word.

## Gradeplegtigheid

Die gradeplegtigheid is ‘n spoggeleentheid vir ons voorskoolse kleuters wat die daaropvolgende jaar Gr. 1 toe gaan. Dit vind in November plaas.

Orionland Kleuterskool